

## INFORMELE ASSESSERING COVID-19 Memorandum

A. Lees die volgende koerantberig en beantwoord die vrae in volsinne.

### 10-jarige Oos-Londense seun begin sy eie onderneming in die grendeltydperk



Vervat en verwerk vanaf SUNDAY TIMES: 06 September 2020 - 17:14 DEUR  
MADELEINE CHAPUT

Baie mense was verveeld tydens die grendeltydperk, maar vir die tienjarige Sebastiaan van der Linde het die vervelingsgogga daartoe gelei om sy eie klein onderneming te begin.

Sebastiaan het sy eie besigheid Bassie Belde (vir seuns) aan die begin van die maand begin. Sebastiaan, wat se bynaam Bassie is, het baie tyd bestee om die kuns van die vervaardiging van leerbelde met die hand te vervolmaak.

“Ek wou ’n behoorlike belt hê soos my pa s’n,” het Sebastiaan, wat in graad 4 in Laerskool Nahoon is, gesê. “Die belde wat ’n mens by klerewinkels vir seuns kry, skeur en skif baie vinnig omdat dit nie regte leer is nie, en ek hou nie daarvan nie.”

Nadat hy sy eie belt gemaak het, met ’n bietjie leiding van sy pa, was Sebastiaan gretig om meer te maak – en ’n bietjie sakgeld te verdien terwyl hy dit doen.

Sebastiaan is nou amper die hele tyd by die kombuistafel, besig om belde te maak om al sy bestellings te voltooi.

Dit verg baie konsentrasie en harde werk om elke belt te maak en seker te maak dat elke belt van die beste gehalte is.

Sebastiaan het deur die jare gekyk hoe sy pa sy stokperdjie om met leer te werk beoefen. Hy het ’n paar truiks geleer en hy hou daarvan om sy eie skeppings te maak.

Sy ouers het gesê dat hulle die klein besigheid van Sebastiaan as ’n goeie manier beskou om waardevolle lewenslesse te leer.

Bassie Belde is hoofsaaklik vir seuns in die laerskool gemaak, maar hy kan ook volwassene belde maak. Elkeen word gemaak met spesifieke afmetings en kan bruin of swart gekleur word.



1. Watter besigheid het Sebastiaan begin?

**Hy maak belde vir seuns**

2. Wat het daartoe gelei dat hy sy eie besigheid begin het?

**Die vervelingsgogga het daartoe gelei dat hy sy eie onderneming begin het.**

3. In watter dorp woon Sebastiaan?

**Hy bly in Oos-Londen.**

4. Wat is die naam van sy besigheid?

**Die naam van sy besigheid is Bassie Belde.**

5. Waarom het hy die naam vir sy besigheid gekies?

**Sy bynaam is Bassie.**

6. Hoekom het hy hierdie besigheid begin?

**Die belde wat 'n mens by klerewinkels vir seuns kry, skeur en skif baie vinnig omdat dit nie regte leer is nie en hy het nie daarvan gehou nie.**

7. Wie het Sebastiaan gehelp om die belde te maak?

**Sy pa het hom gehelp.**

8. Dink jy Sebastiaan se pa maak voltyds belde? Gee 'n rede vir jou antwoord.

**Nee dit is sy pa se stokperdjie.**

9. Waar in die huis maak hy die belde?

**Hy maak die belde in die kombuis.**

10. Watter stokperdjies beoefen jy?


**Eie antwoord.**

B. Skryf 'n koerantartikel van ongeveer 200 woorde.

- Dink aan iets positiefs wat met jou of enigiemand anders gebeur het gedurende die grendeltydperk.
- Jy gaan 'n artikel daarvoor skryf.
- Jy kan een van die volgende prente gebruik om jou te help om 'n idee te kry.
- Kies 'n naam vir jou koerant.
- Skryf jou naam as joernalis neer.

Doen jou beplanning in die oop spasie:

Naam van koerant	<b>COVID Nuus</b>
Naam van joernalis	<b>Sarah Parker</b>
Hoofopskrif	<b>COVID bring families nader</b>



Skryf jou artikel:

Rubriek:

	3	2	1
Beplanning	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die beplanning is volledig ingevul.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Slegs 'n deel van die beplanning is afgehandel.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geen beplanning is gedoen nie.</li> </ul>
Inhoud	<ul style="list-style-type: none"> <li>Bewyse van buitengewone vermoë; hoogs verbeeldingryk; inhoud goed deurgedink.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Inhoudsidees is sigbaar en volg op mekaar.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Middelmatige inhoud; swak uitdrukking; leesbaar.</li> </ul>
Grammatika en spelling	<ul style="list-style-type: none"> <li>Behoorlike gebruik van Afrikaanse spelling en grammatika word deurlopend in die artikel gebruik.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Baie spelfoute of grammatikafoute, maar dit verander nie die betekenis van die artikel nie.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Daar is baie spelfoute of grammatikafoute wat die artikel moeilik verstaanbaar maak.</li> </ul>
Leestekens	<ul style="list-style-type: none"> <li>Leestekens word reg gebruik.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Leestekens word gebruik indien nodig.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Leestekens word verkeerd gebruik.</li> </ul>
Struktuur	<ul style="list-style-type: none"> <li>Artikel baie goed ontwikkel.</li> <li>Sinne en paragrawe samehangend.</li> <li>Die lengte is tussen 150 en 200 woorde.</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Die idee van die artikel kan gevolg word.</li> <li>Basiese sinne en paragrawe.</li> <li>Lengte tussen 100 - 149 woorde</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Idees deurmekaar geskryf.</li> <li>Swak sinne en geen paragrawe nie.</li> <li>Lengte minder as 100 woorde.</li> </ul>

Totaal 15

